Julie 2006
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Nog iets oor rugby. Die volgende kom uit spesiale bylaag tot Beeld 17 Augustus 1979. Dit is geskryf deur die destydse sportverslaggewer Quintus van Rooyen.

Hy skryf die heel eerste rugbywedstryd in Pretoria en waarskynlik noord van die Vaal is op 29 Augustus 1873 op Kerkplein gespeel en een van die eerste rugbyskrywers – dalk die eerste in Transvaal – was niemand anders as die befaamde digter Jan F. Celliers, redakteur van die destydse Volksstem. [regstelling: Dit was die vader van die digter Jan F.E. Celliers] Dit was nie rugby soos ons dit vandag ken nie. Volgens wyle J.C. Vlok, bekende rugby-geskiedkundige en gewese sportredakteur van The Pretoria News was dit die "Winchester-variasie" wat daardie dag op Kerkplein gespeel is.

Dit is onwaarskynlik dat Jan F. Celliers hom veel bekommer het oor watter soort rugby daardie dag gespeel is, maar die De Volkstem verskyn die eerste rugbyberig wat so ver vasgestel kan word in 'n Afrikaanse-koerant verskyn het: "Voetbal: by de Verschillende andere middelen tot uitspanning en vermaak, verheugd Pretoria het zight thans ook in het bezit van een Voetbal Club. De Benodigtheden voor dat edel spel het verleden week gearriveerd en Maandag spelen de leden en hunne vrienden op Kerkplein in het bisijn van vele toeschouwers. Dat vele spelers met blaauwe schenen afkwam, spreekt vanzelft."

Ou Koerante. As daar u is wat om een of ander rede ou koerante bêre doen die moeite en gaan maak fotostate daarvan. Die biblioteke het vandag ongelooflike fotostaatmasjiene en u sal verbaas weer hoe goed die afdrukke is. En ook baie makliker om te bêre as die ou koerante. Dit is wat ek met die Beeld bylaag van 1979 gedoen het.

Ek is besig om weer na die ou Pretoria briewe te kyk en het toe besluit om die eerste een [Januarie 2003] van die rak, of moet ek sê rekenaar af te haal, 'n bietjie af te stof en weer te plaas. So lees die brief:

Ek was 'n tyd gelede op Kerkplein gewees en toe ek so in Paul Kruger-straat opkyk was ek verbaas gewees om die heuwel agter die stasie te sien. As mens so heeldag tussen die geboue is vergeet jy soms dat Pretoria tussen heuwels geleë is. Dit het my laat besluit om iets oor Time Ball Hill te skryf.

<u>Time Ball Hill</u>
Aan die Suidekant van die huidige stasie lê die voorstad Salvokop, dit was eers bekend as Time Ball Hill. Nou is die vraag – waar kom die naam vandaan?

Volgens Lola Dunston [DUN-01 p5] was daar op die heuwel 'n paal met 'n bal wat die tyd aangegee het. Sy haal die volgende reisbeskrywing aan uit die argiewe van die Loretto Convent. "1st May 1889 ……. Through these [shrubs and small trees] he winds his way, having for 'n landmark a tall pole on which is placed 'n ball on the summit of 'n prominent hill. This was once used to indicate time at a certain hour of the day, but with that progressive spirit ever inspiring them to fresh effort, our Dutch friends have thought proper to relegate the time ball to the oblivion to which they invariably consign anything savouring of olden times……."

Tom Andrews [AND-01 p57 en PR-103 p017] maak die stelling dat die posmeester-generaal, J.A. de Vogel [*1842-1885] in 1880 'n skema uitgewerk het waardeur die aankoms van die verskillende posaflewerings gesein kon word. Seine is aan die punt van 'n seinstok gehys. 'n Bal in die lug beteken die aankoms van die Kinberly pos. 'n Bal met 'n trom daarnonder dui aan dat die Kimberleyse sowel as die Britse pos ontvang is; 'n kegel

kondig die Natalse pos aan. ‘n Vlag onder die seine beteken die pos is gereed vir aflewering. Ongelukkig meld hy nie die bron van sy inligting nie.

U kan u eie gevolgtrekking maak, maar ek dink laasgenoemde is die aanneemlikste. So van tyd gepraat – dit sal interessant wees om u studie te maak van die eerste publieke horlosies in Pretoria. Daar was die horlosie in die toring van die Franken Kerk op Kerkplein. Dan ook het verskeie horlosiemakers groot horlosies voor hul winkels gehad.

J. A. de Vogel

‘n Paar interresante feite oor J.A. De Vogel. Hy is ongeveer 1842 in Nederland gebore en kom in 1873 in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan. In 1877 word hy posmeester-generaal, ‘n pos wat hy tot sy dood [14 Jan 1885] beklee. Hy het saam met sy seun en ‘n onderwyseres in ‘n afkomende spruit by Muldersdrift verdrink [PLO-02 p58].

Mev. C. Dyason, dogter van J.A. De Vogel het die volgende oor haar vader te vertel [PR-24 p24]. In lewe was my vader die eerste Posmeester-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek en het hy saam met sy seuntjie van agt jaar, en mej. Webb, na ‘n inspeksiereis na Potchefstroom, met die terugreis by Muldersdrift verdrink. My vader het in 1872 na suid-Afrika gekom en was op daardie tydstip aan my moeder, mej. E.E. Begeman, ‘n niggie van ds. Begeman van Pretoria, verloof.

‘n Paar nuwe feite oor Time Ball Hill:

Die eerste twee heuwels aan die suidekant van Pretoria is Time Ball Hill [oos van Potgieterestraat verlenging] en Magazine Hill [wes van Potgieterstraat verlenging].

Du Toit se kaart, die oudste van Pretoria, is 1857 geteken maar die name moontlik later ingeskryf. Die kaart wys ‘n “Magazyn plaats by den Bosch” [wes van Potgieterstraat verlenging] maar nie die ander heuwel nie. Interessant noem die kaart ook ‘n “Klip Bult” en ‘n Drooge Klip Bult” ongeveer waar die Stadsaal vandag is.

In 1879 het die Engelse ook ‘n kaart van Pretoria geteken. Dit staan bekend as die “Compaas Sketch Map of Pretoria” en is deur die intelligensie afdeling van die Royal Engineers geteken. Die oostelike heuwel is op die kaart geteken maar sonder enige byskrifte, op die westelike heuwel is ‘n sirkeltjie geteken met die byskrif Flag Staff. So in 1879 was die Time Ball nog nie opgerig nie maar op die ander heuwel was daar wel ‘n vlagpaal wat vir hulle belangrik genoeg was om op die kaart aan te dui. Die Telegraaflyn is ook al op die kaart geteken. Was De Vogel se Paal moontlik op die Magasyn Heuwel???

Op Jackson se kaart van 1900 is die oostelike heuwel as Time Ball Hill aangetoon en op die westelike heuwel [sonder ‘n naam] is die Magazine Redoubt.

Op watter heuwel die vlagpaal wat die koms van die pos aandui opgerig was weet ons nie verseker nie. Miskien was die Time Ball se paal ook daarvoor gebruik. Dit behoort iewers in ‘n koerant te staan en eendag sal iemand dit dalk opspoor. U kan gerus David Panagos se artikel oor die Time Ball lees in die Africana Vereniging se Jaarboek no. 22 [2005]. Van die boeke is nog beskibaar by Mollie Wilmer [072 383 7156]

Tot dusver kon ek nog geen foto opspoor van die vlagpaal nie, maar het wel twee sketse in Bolsma se boek gekry waarop mens dit kan sien.

Hierdie is ‘n skets wat Dr. Hävernick in 1880 gemaak het. Dit is die hoek van Mark- en Visagiestraat of die hoek van Andries-en Visagiestraat. Ek moet nog seker maak. Die struktuur bo-op die heuwel kan duidelik gesien word.



Die volgende is ‘n waterverf skildery wat Andrew A. Anderson in 1880 gemaak het toe krygswet op Kerkplein afgekondig is. Die drie geboue aan die suidekant van Kerkplein is die huis van J.R. Lys [eerste swartdak gebou], eerste Raadsaal [tweede swartdak gebou], en die European Hotel. Die struktuur bo-op die dak van die hotel lyk asof dit die vlagpaal bo-op die berg is.



Bronne geraadpleeg

AFR-22 Panagos, D.C. **Pretoria’s own Time-Ball Hill**. [Africana Vereeniging. Jaarboek van die Pretoria Vereeniging 2005]

AND-01 Andrews, Tom ea. **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria** J.L. van Schaik 1898

BOL-01 Bolsmann, Eric **Pretoira Artist's Impressions 1857-2001** Protea Boekhuis 2001

DUN-01 Dunston, Lola **Young Pretoria 1889-1913.** Lola Dunston Pretoria 1975

ENG-04 Engelbreght, S.P. [Prof.] **Pretoria 1855-1955. Geskiedenis van die stad Pretoria** Wallachs' P. & P. Ltd. Pretoria

PLO-02 Ploeger, Jan [dr.] **Nederlanders in Transvaal. 1850-1950.** J.L. van Schaik Beperk., Pretoria 1994

PR-024 Dyason, C. **Mev. C. Dyason roep die dood van haar vader, J.A. de Vogel, die eerste Posmeester[Generaal van die S.A.R., in herinnering. [**Pretoriana Nommer 24 Augustus 1957]

PR-103 Andrews, T.E. **Origin of Pretoria River and Spruit names**. [Pretoriana Nommer 103 Julie 1993]

Groete tot Volgende maand, Rosa Swanepoel